

Verklaring vanaf die Kerkraad oor die aanloop tot, gevolglike hantering en afhandeling van die dringende saak toe dr. Wilhelm Leuschner 'n aanbod gemaak het aan die Kerkraad om afgelê te word, wat later op Wilhelm se aandrang verander is na opsegging van lidmaatskap

Dit is dalk eers belangrik om 'n kort opsomming te gee van twee narratiewe tot die aanloop van hierdie dringende saak wat hanteer moes word:

Daar was twee losstaande sake wat oor die laaste 2 jaar deur die Kerkraad apart hanteer is:

- a) **Wilhelm Leuschner se aansoek aan die Kerkraad (KR) om 'n nuwe bediening te begin, wat kerklosgongmense moes bereik.**
- b) **Die aaneenlopende druk waaronder die gemeente se finansies die afgelope 5 jaar verkeer het, en die voortdurende poging om oplossings daarvoor te kry.**

Niemand kon voorsien dat hierdie twee sake skielik vermeng sou raak en die Kerkraad gevolglik baie vinnige besluite daarvoor moes neem nie. Tot onlangs nog by twee aparte vergaderings van die Kerkraad ('n spesiale KR-vergadering gehou op 25 Junie 2018, slegs oor die finansiële situasie van die gemeente, en 'n geskeduleerde kwartaalvergadering gehou op 25 Julie 2018) was die twee sake, of sommige noem dit narratiewe, nog totaal apart van mekaar.

In die daaropvolgende proses om verskeie oorwegings te skenk aan moontlike oplossings vir die finansiële druk wat die gemeente ervaar en op aanbevelings van die Kerkraad aan 'n komitee om ook o.a. die predikante te nader vir hulle moontlike oplossings daarvoor, het dit Wilhelm tot aksie laat oorgaan en het hy saam met die ander predikante in 'n verslag aan die komitee die volgende voorstel op 30 Julie 2018 gemaak:

Slegs 'n relevante uittreksel uit bogenoemde predikanteverslag:

*"Tentmakerbediening/nuwe bediening:*

*Wilhelm word van 1 Maart 2019 50% losgemaak om 'n nuwe, onafhanklike gemeente in ons omgewing te begin. Hier word dieselfde model gebruik as Sloet se bediening, waar hy as predikant van Wapadrant bevestig is, gedeeltelik vir sy eie versorging verantwoordelik is, maar sy bediening apart van Wapadrant funksioneer.*

*Vir die ander 50% van Wilhelm se inkomste word hy vanuit die gemeente gehelp om moontlik 'n koffiewinkel (of soortgelyks) te begin, waarbinne verhoudingsgerigte bediening kan plaasvind. Die mikpunt is om teen einde 2021 50% van sy versorging ten volle vanuit hierdie bedryf te verseker."*

(Hierdie verslag het tot op datum nog nie gedien by enige opvolgende KR-vergadering nie, slegs by die Strategiese Werkgroep wat die volgende aanbeveling daarvoor aan die KR wou voorlê: "Die nuwe onafhanklike gemeente val in beginsel in by die doelstellings en sal met kundiges bespreek word vir 'n geskrewe voorstel".)

Skielik teen die verloop van sake in, gaan Wilhelm weer oor tot aksie en handig 'n amptelike brief in wat aan die KR gerig is op 05 Augustus 2018, waarin hy 'n aanbod maak vir vrywillige aflegging (om dus 'n pakket te vat). In sy eie woorde 'n uittreksel uit die genoemde brief:

*"Gegewe die huidige bespreking rakende die vermindering van die uitgawes aan predikante, wat waarskynlik die vermindering in die aantal predikante in die gemeente gaan beteken, tender ek hiermee my vrywillige toetreding tot die gesprek en stel myself beskikbaar vir vrywillige aflegging."*

Dit was dus uitsluitlik Wilhelm se eie gevolgtrekking en persoonlike afleidings wat hy gemaak het uit die kontak tussen die bogenoemde komitee en die predikante. Daar was nog geen besluit of aanbeveling aan en van die KR tot op daardie tyd en datum, om enige van die predikante beroepbaar te stel, of enige inkortings te maak aan hulle begrotings nie, of om alternatiewe onafhanklike bedieninge te begin nie.

Van hier af het sake vinnig gebeur en in nabaat/terugskouing is dit waar die twee sake vermeng begin raak het: Die KR se Dagbestuur (DB) het die brief eerste hanteer en het o.a. soos volg aanbeveel (uittreksel uit die notule van genoemde DB-vergadering gehou op 08 Augustus 2018):

**Besluite:**

2.1.1 "Dat hierdie dus verwys moet word na die komitee wat aangewys is deur die KR en wat tans besig is in 'n konsultasieproses met die predikante, nav die voorstelle wat die SWG gemaak het en nou met hulle bespreek word. Dat hulle intussen dan ook 'n gesprek met Wilhelm sal gaan voer om daarna voorstelle en aanbevelings te gaan maak aan die KR op die volgende spesiale vergadering wat daarvoor geskeduleer word.

2.1.2 *Dat hulle in hierdie proses wel ook van ander regsadviseurs kan gebruik maak oor die impak en hantering van hierdie versoek."*

Hierna het die aangewysde komitee verslag gelewer by 'n spesiale KR-vergadering wat hoofsaaklik hiervoor geskeduleer is op 21 Augustus 2018 (al 4 predikante was teenwoordig). In hierdie verslag is 6 aanbevelings aan die KR gemaak om te oorweeg, waarvan die volgende twee spesifiek op hierdie berig betrekking het (uittreksel uit die genoemde verslag):

2. *Die kerkraad keur in beginsel goed dat die aanbod van Wilhelm Leuschner om vrywillig afgelê te word, aanvaar word;*
3. *Die komitee kry opdrag om met kundige persone te vergader rakende arbeidsreg en ook kerkreg ten einde die onduidelikhede uit te klaar en daarna met Wilhelm Leuschner te vergader"*

Die KR se besluit spesifiek hieroor handel soos volg (uit die notule):

- 5.2.3 *"By aanbeveling 2: Dat dit **so aanvaar word**, na 'n stemmingproses (uitkoms hiervan soos dit in die notule beskryf word, met volstreekte meerderheid), wat dit ook so bevestig het.*
- 5.2.4 *By aanbeveling 3: Word **so goedgekeur** en kan die komitee dus nou ook daarmee voortgaan. Dat die arbeidsregtelike sowel as kerkregtelike proses nou begin moet word.*
- 5.2.5 *Dat Rassie Smit se voorstel, punt c), **aanvaar is** en bygevoeg kan word soos volg: "Die komitee kry opdrag om ook nadat hulle die bg inligting (soos genoem by punt 3), ingewin het, eers weer sal terugrapporteer aan die KR, om so die KR in staat te stel om 'n ingeligte finale besluit hieroor te kan neem. Dat die volgende KR-vergadering op 12 September 2018, as die eerste teikendatum daarvoor gebruik sou kon word."*

Intussen word die gemeente dienooreenkomstig verder ingelig op 'n inligtingsvergadering geskeduleer vir Sondag 26 Augustus 2018. Na afloop van die KR se vergadering op 21 Augustus 2018 was daar heelwat reaksie rondom hierdie saak ter voorbereiding vir 'n opvolg KR-vergadering, wat gereël is vir 4 September 2018. Wat die saak egter in hierdie tyd nog meer kompliseer, is die "bemarkings"-dokumente oor Wilhelm se nuwe inisiatiewe en kerkplanting wat hy opgestel het en selektief in die gemeente begin versprei het. Dit het gelei tot groot verwarring by lidmate oor die saak en weer by ander lidmate verwagtinge geskep. In dieselfde dokument verwoord Wilhelm ook sy redes vir sy aansoek tot aflegging (uittreksel uit die bogenoemde dokument):

*"Hoekom het ek myself aangebied vir vrywillige aflegging? Daar is 2 redes:  
Die gemeente het dringende groot besparing nodig op die uitgawes en dit kan net by die predikante gebeur.  
Ek wil graag my predikante kollegas spaar en beskerm."*

Die KR kon egter nie die saak net afhandel nie, omrede die Kerkorde van die GKSA bepaal dat 'n predikant nie net afgelê mag word nie en dat daar spesifieke redes gegee moes word. Die spesifieke redes bepaal dan volgens watter kerkorde-artikel dit afgehandel mag word. Hierdie totale hantering van die KR word deur die Klassis en 'n Deputate van die Streeksinode gekontroleer en finaal bevestig. Omdat aflegging dus nie as 'n aanvaarbare rede gesien word nie, sou dit nie slaag nie en gevolglik het Wilhelm, op aanbeveling, besluit om eerder die weg te volg van opsegging van sy lidmaatskap met die kerkverband. Dit het hy amptelik skriftelik gedoen op 10 September 2018. Dit het natuurlik tot nog groter verwarring in die gemeente gelei en stem dus nie ooreen met die oorspronklike redes wat Wilhelm gegee het nie.

Die Kerkraad het 'n komitee aangewys om saam met die gemeente se konsulent, dr. Douw Breed, met Wilhelm te vergader om alternatiewe meganismes met hom te bespreek, die redes vir sy besluit te dokumenteer en om 'n verslag voor te berei vir die Klassisvergadering van 17 September. Dr. Breed het aan Wilhelm verduidelik dat hy nog kans het om sy besluite te heroorweeg. Na die gesprek het Wilhelm aangedui dat hy die saak wil afhandel en het hy die rede vir sy besluit gegee dat hy nie meer geroepe voel om 'n predikant in die GKSA en in Wapadrant-gemeente te wees nie.

Op 'n daaropvolgende gemeentevergadering op Sondag 16 September 2018 kry Wilhelm 'n spreekbeurt en bevestig hy aan die gemeente wat die werklike rede vir sy besluite was (slegs uittreksels uit die transkripsie daarvan):

- *"Ek voel al vir 6 jaar die roeping om op 'n ander manier kerk te wees, wat veral jongmense bereik..."*
- *"Ek dink die realiteit is dat my droom nog altyd was om iets te begin vanuit WPR-gemeente, want ek was oortuig dat die gemeente kan baat vind daarby. Ek dink die realiteit is, dat as jy met kerklos-mense werk, moet daar die nodige vryheid wees om dalk buite Gereformeerde reëls en beginsels te werk."*

- *“En ek het op ‘n punt gekom wat ek net beseef het dat as ons so iets doen vanuit die Gereformeerde kerk, gaan daar heeldyd moeilikheid en lawaai wees, vanuit die kerkreg en die kerklike prosesse.”*
- *“Ek het net op die punt gekom waar ek met soveel kerklos mense te doen gekry het, dat ek net beseef het ek kan nie meer wag vir prosesse om afgehandel te word, voordat ons met die daardie mense ‘n pad loop nie.”*
- *“Ek dink net die nood in die wêreld maak dat dit vir my bitter, bitter moeilik gaan wees om te sê: Kom ek vat nog ‘n jaar in WPR en hoop ons gaan iewers uitkom...”*
- *“En hoe lief ek ook al vir WPR is en hoe lief ek ook vir die Gereformeerde kerke is, dink ek nie op hierdie stadium is daardie reis moontlik binne die grense van hierdie gemeente of hierdie kerkverband nie. Al is dit vir my hoe hartseer om dit te sê.”*

So het die twee narratiewe vermeng geraak en die regte redes word verskaf. Die KR het egter nie vir Wilhelm en sy gesin aan hulle genade oorgelaat nie en onderhandel met hom ‘n soort “skeidingspakket”, gelykstaande aan 9 maande se versorging, volgens sy huidige pakket. (Dit is intussen aan hom uitbetaal.) Die KR en die gemeente dra hom, sy gesin en sy bediening steeds op aan die liefde van die Here. Die voorlopige datum van hulle afskeid is gereël vir Sondag 25 November 2018. (Die datum is op hulle versoek, so met hulle ooreengekom.)